

GEHEIME VIR GESONDE VERHOUDINGS

Deel 8 – Hou Lank Moed

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Sou jy jouself as 'n geduldige persoon beskryf? Verduidelik.

Sekere persoonlikhede is meer geduldig as ander, maar in Galasiërs 5:22-23 word geduld as deel van die vrug van die Gees gelys. Hoe dink jy bewerk die Heilige Gees dit in mense met verskillende persoonlikhede?

Daar is sekere situasies waar ons geduld getoets word: 1) Onderbrekings, 2) Ongerief; 3) Irritasies; 4) Onbevoegdheid en 5) Om te wag. Watter van hierdie dinge toets jou geduld die meeste? Hoe hanteer jy dit tans?

Hoekom dink jy wil ons hê dat ander mense met ons swakhede geduld sal hê? Hoekom vergeet ons dit wanneer ons met ander mense werk?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

1 Korintiërs 13:4. Het jy ooit aan geduld as 'n uitdrukking van liefde gedink? Wat kommunikeer ongeduld dan? Verduidelik.

Eksodus 34:6 en Psalm 145:8. Hoekom dink jy kan ons bly wees dat God lankmoedig is met ons? Wat is die alternatief?

Efesiërs 4:1-3. As jy jou eie lewe op hierdie stadium met hierdie verse moet vergelyk, hoe leef jy in ooreenstemming met die roeping wat jy van God ontvang het? Wat sou jy kon verander?

2 Korintiërs 1:6. Wie kan jy bemoedig wat tans moeilike omstandighede beleef sodat hulle geduldig kan bly en kan volhard?

Kolossense 3:13. Wat is jou eerste reaksie teenoor iemand as jy ongeduld teenoor hulle beleef? Hoe kan jy dit verander?

In die preek is drie dinge genoem wat ons moet onthou in tye waar ons geduld getoets word of in situasies waar ons geduld nodig het: 1) Ons perspektief is beperk, 2) Mense verander nie vinnig nie; en 3) God is in beheer. Watter een van hierdie het jy nodig om te onthou? Verduidelik.

Is daar iemand vir wie jy om verskoning moet vra oor jou reaksie toe jy ongeduldig was die afgelope week? Hoe kan jy dit doen?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggedink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
